Downloaded from Stanmorephysics.com



# KZN DEPARTMENT VAN ONDERWYS
# GREENBURY SEKONDERE SKOOL
# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1
# JUNIE EKSAMENS

**GRAAD:** 11 | **EKSAMINATRISE:** A. RAMNATH
**TYDSDUUR:** 2 UUR | **MODERATRISE:** P. SINGH
**PUNTE:** 80 | **DATUM:** 15/06/16

**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   Afdeling A: Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B: Opsomming(10 punte)
   Afdeling C: Taal( 40punte)
3. Lees al die instruksies en vrae aandagtig deur.
4. Nommer jou antwoorde soos die vrae genommer is
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Hierdie vraestel bestaan uit _8_ bladsye.

## AFDELING A:LEESBEGRIP

**VRAAG 1-KOERANT ARTIKEL**

**Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:**

### Mark Shuttleworth – ons man in die ruimte

Mark Shuttleworth het in 1995 op 26-jarige ouderdom wêreldnuus gemaak toe hy sy maatskappy, Thawte Consulting, aan 'n Amerikaanse maatskappy vir R3,45 biljoen verkoop het. En dit met 'n onderneming wat hy vanuit sy ouers se motorhuis begin bedryf het. Vir elk van sy 63 werknemers het hy R1 miljoen gegee vir hulle lojale ondersteuning en harde werk.

Mark wat op 18 September 1973 Welkom in die Vrystaat gebore is, het van kleinsaf met selfgemaakte vuurpyle in die tuin gespeel en 'n voorliefde vir rekenaars gehad. Op skool het hy uitgeblink in wiskunde en wetenskap en in 1991 'n silwermedalje in die landwye Wiskunde-Olimpiade behaal. Hy het in die skool se koor gesing, toneel gespeel en was hoofseun van die skool Bishops in Rondebosch en die koshuis. Aan die einde van matriek behaal hy die agtste plek onder die Wes-Kaap se toppresteerders.

Na skool studeer hy aan die Universiteit van Kaapstad en begin op 21 sy eie onderneming met ongeveer 40 personeellede. Die Amerikaners was so beïndruk met sy konsep dat hulle bereid was om baie geld te betaal. En dit het Mark in staat gestel om sy jarelange droom, eintlik 'n obsessie om 'n ruimtevaarder te word, te verwesenlik. In 2002 het hy die eerste Afrikaan geword om in die ruimte te reis. Hierdie reis het hom R220 miljoen uit die sak gejaag. Op 25 April 2002 begin sy reis na die Internasionale Ruimtestasie en dit maak van hom die tweede ruimtetoeris in die wêreld.

Maklik was dit nie. Vir agt maande moes hy die strafste opleiding denkbaar ondergaan. Mark het geweet dat die hele Suid-Afrika se oë op hom was – veral die land se kinders – en hy wou niemand teleurstel nie. Sy droom het hulle droom geword. Sy moed en deursettingsvermoë het weer eens gewys van watter stoffasie hy gemaak is. Mark se ruimtereis het gehelp om Afrika en Suid-Afrika opnuut op die wêreldkaart te plaas.

Blaai om Bl 2... Woordeskat

WOORDESKAT

Ondersteuning- support
Beindruk- impressed
Denkbaar- imaginable
Deursettingsvermoe-perserverance
Opleiding-training
onderneming- enterprise
ruimtevaarder-astronaut
stoffasie-material
veelsydig- versatile

Vrae:

1.1 Hoe oud was Mark toe hy sy maatskappy gestig het? (1)
1.2. Wie het die potensiaal in Mark se besigheid raakgesien? (1)
1.3.Waarvoor het Mark sy werknemers beloon? (1)
1.4. Wanneer het Mark se obsessie om 'n ruimtevaarder te word, begin? (1)
1.5. Watter druk is op Martin geplaas voor en tydens sy reis na die maan? (1)
1.6. Haal vier agtereenvolgende woorde aan wat sê dat die reis hom baie gekos het? (1)
1.7. Waar het Martin sy tersiere opleiding ontvang (1)
1.8. Wat was die naam van Mark se besigheid? (1)
1.9. Watter eienskappe van Mark het hom in staat gestel om hierdie droom te verwesenlik? (2)
1.10.Watter positiewe uitwerking het Mark se ruimtereis op Afrika gehad? (1)
1.10. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.
1.10.1. Mark was baie veelsydig op skool. (1)
1.11. Stem jy saam met die volgende stelling. Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord.
1.11.1. Mark het sy onderneming in Amerika begin. (1)
1.12. Is die volgende stelling letterlik of figuurlik? Motiveer jou antwoord.
1.12.1. Sy moed en deursettingsvermoë het weer eens gewys van watter stoffasie hy gemaak. (1)

Blaai om bl 3...Vraag 2

**VRAAG 2-ADVERTENSIE**

**Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.**




**2.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer en korrekte woord neer.**

**2.1.1. Die vrou se:"Om te kampeer, is lekker!"**

**Hierdie woorde word gebruik om die leser te (manipuleer/stereotipeer).** **(1)**

**2.1.2. Die leesteken na die woord "JA!" is 'n (vraagteken/uitroepteken).** **(1)**

**2.2. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.** **(1)**

**2.2.1. Hoekom gebruik die adverteerder die voornaamwoord "jy" en "jou"in die advertensie?**

**A. Die adverteerder ken elke leser persoonlik.**

**B. Dit laat elke leser voel daar word net met hom/haar gepraat.**

**C. Elke kampeerder word soos n bekende behandel.**

**D. Kampeerders ken almal mekaar.**

**2.3.Is die stelling 'n Mening of 'n Feit? Gee 'n rede vir jou antwoord.**

**"Dis net die vakanisie wat jy nodig het!"**

**(1)**

**2.4. Verdeel die woord in lettergrepe.**

**September**

**(1)**

**2.5. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies**

**Ons vakansie –oord is die (goed) in die land** **(1)**

Blaai om Bl4 : 2.6 Kies die korrekte woord.

2.6. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

Al is jy so arm soos 'n .....kan jy steeds by ons vakansie –oorde kampeer.

A. Bedelaar
B. Kerkmuis
C. Weeskind
D. Werklose (1)


2.7. Noem twee maniere waarop die advertensie dadelik die leser se aandag trek. (2)

2.8. Wie is die teiken groep vir die advertensie ? (1)

[10]

## Vraag 3-VISUELE TEKS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




3.1.1 Kies die KORREKTE antwoord.

In 2011 en 2013 was die % leerders wat tot 12 gevorder het, (verskillend/ dieselfde). (1)

3.2.Watter persentasie leerders wat in 2001 graad 1 begin het, het in 2012 gematriekuleer? (1)

3.3. Wanneer verlaat die meeste leerders wat nie graad 12 vorder nie, die skool. (1)

Blaai om Bl 5 , 3.4. Hoekom

3.4. Hoekom, dink jy, word potlode in hierdie teksgebruik . (1)

3.5. Kyk na die figuur in die teks.

Hoekom , dink jy, het die figuur in die teks n hoedjie op sy kop? (1)

3.6. Kies die korrekte antwoord. Die figuur in die teks dink aan die:

A. redes waarom baie leerders, voor matriek die skool verlaat.

B. moontlike loopbane om na matriek

C. vak waarvan hy/sy die meeste op skool gehou het.

D. loopbaan waar hy/sy na skool die meeste geld gaan verdien (1)


[6]

AFDELING B

## VRAAG 4-OPSOMMING

### DINK HIERAAN WANNEER JY 'N SELFIE WIL NEEM

- Som in jou eie SEWE SINNE op waaraan jy moet dink **as jy 'n selfie wil neem**.
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.



1. Kies 'n mooi en interessante agtergrond vir jou selfie, byvoorbeeld 'n natuurtoneel. 'n Selfie van jou in 'n badkamer of by 'n begrafnis is heeltemal verkeerd.

2 As jy jou selfie in direkte sonlig neem, gaan die selfie dof wees. As jy jou selfie in te min lig neem, gaan jou selfie te donker wees. Daarom moet jy seker maak dat jy jou selfie in goeie lig neem.

3 Maak seker dat jy die regte klere dra vir die geleentheid wanneer jy jou selfie neem. Wanneer jy na 'n partytjie toe gaan, kan jy jouself in jou mooi klere afneem. Wanneer jy ontspan, moet mense aan jou kleredrag kan sien dat jy ontspan.

4 Deel 'n spesiale geleentheid met jou vriende. Wanneer jy jou verjaarsdag vier of by die matriekafskeid is, kan jy 'n selfie neem om vir almal te wys hoeveel jy dit geniet.

5 Het jy 'n nuwe haarstyl, bril of klere? Neem 'n selfie om by jou vriende met iets nuuts te spog. Dit sal vir hulle ook lekker wees om dit te sien.

6 Mense maak asof hulle slaap, of hulle maak asof die fotograaf hulle onverwags afgeneem het, maar almal weet hierdie foto's is vals. Moenie situasies namaak wat nie bestaan nie.

7 As jy nie tevrede is met jou selfie nie, kan jy dit verbeter. Jy kan die toepassing "VSCO Cam" gebruik om jou selfie te redigeer.

[Verwerk uit *Die Burger Jip*, Maandag 19 Mei 2014]


Blaai om na Bl 6 vir Afdeling C

AFDELING C – TAAL

BI 6

## VRAAG 5- STROKIES PRENT

**Bestudeer die strokiesprent en beantwoord die taalvrae wat volg.**




**5.1. Kies die antwoord <u>WAT NIE</u> korrek is nie. Skryf net die nommer en letter neer.**

**Jeremy hou daarvan om**

**A. Sy werk op die nippertjie te doen.**

**B. Altyd uit te stel**

**C. Sy werk vroegtydig klaar te maak** **(1)**

**5.2. Kyk na Raam 1. Beskryf die vrou se gesiguitdrukking.** **(1)**

**5.3. Wat is die verhouding tussen die twee mense?** **(1)**

**5.4. Hoekom is die woorde 'DIT IS NOU' groter in raam 3 geskryf as die ander woorde?** **(1)**

**5.5. Beskryf die seun se houding teenoor sy skoolwerk?** **(1)**

**5.6. Hoe weet jy dat Jeremy nie 'n idèe het van die datum of tyd nie?** **(1)**

**5.7. Waaruit kan jy aflei dat die vrou hom nie glo nie?** **(1)**

**5.8. Wat sê die vrou se liggaamstaal in raam 3 oor hoe sy voel?** **(1)**

**5.9. Wat dink jy bedoel Jeremy met die woorde "Ek het mos gesê".** **(1)**


**5.10. Skryf die tyd "10:45"?** **(1)**

**5.11. Waarmee is Jeremy besig in die prente.** **(1)**

**5.12. Praat of dink die vrou in raam 4. Motiveer jou antwoord.** **(2)**

**[13]**

VRAAG 6 – TAALVRAE



[Uit: www.comics.com]

Blaai om BI 7...6 Skryf

6.1. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die paartjie gaan na hulle gunstelinge restaurant om aandete te eet. (1)

6.2. Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD
Tiena kan haar mooiste rok dra. (1)

6.3. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Tiena (ken/weet) die kelnerin. (1)

6.4. Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM
Sy sal die heerlikste kos in die restaurant eet. (1)

6.5. Verbind die twee sinne met die gegewe VOEGWOORD
Hulle eet die nagereg. Hulle gaan fliek toe om die rolprent te kyk. (daarna) (1)

6.6.Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE
Clark sê vir Tiena dat hy lief vir haar is. (1)

6.7. Kies die korrekte HOMOFOON
Om die geleentheid te (vier/veer), het hy die tafel romanties gedek. (1)

6.8. Skryf die sin in BEDRYWENDE VORM
Die pragtigste rok is vanaand deur Tiena gedra. (1)

6.9.Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Tiena kan nie haar oë (glo/belowe) toe sy die ring sien nie. (1)

6.10. Skryf die sin in INFINITIEF
Hy moet die duurste ring vir haar koop.
BEGIN SO: Hy behoort..... (1)

6.11. Kies die KORREKTE WOORD
Die paartjie het 'n afspraak om (sesuur/ses uur). (1)

6.12. Gee die versamelnaam woord
Tiena is so lief vir (ringe, armbande, oorkrabbers en hangertjies) (1)

6.13. Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE
Clark(gekoop/gister/'n pragtige ring/om sy liefde te verklaar/het/vir haar) (1)

6.14. Vul die korrekte VOORSETSEL IN
Hy is verlief_____ Tiena. (1)

6.15. Skryf die sin oor in INDIREKTE REDE
Tiena sê:"Ek wil die beste wyn proe." (1)

Blaai om Bl8 6.16 Skryf

6.16. Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM
Die vrou het al haar kos geëet. (1)


6.17. Skryf die GETAL in woorde uit
Die paartjie is (24) jaar oud. (1)

6.18. Kies die korrekte BYVOEGLIKE NAAMWOORD
Vir die twee verliefdes was dit 'n (opwindende/opgewonde)dag. (1)

[18]

## VRAAG 7

Kyk na die prent hieronder en kies net die korrekte woord tussen hakies.



7.1. Die gesin gebruik (gas/elektrisiteit)in hulle kombuis. (1)
7.2. Die pot staan (op/langs) die stoof. (1)
7.3. Die (vadoek/handdoek) hang in die badkamer. (1)
7.4. Die (rooster/verwarmer) staan op die vloer in die kombuis. (1)
7.5. Die televisie is (afgeskakel/aangeskakel). (1)
7.6. Daar is vrugtesap in die (ketel/beker). (1)
7.7. Daar is baie (vrug/vrugte) op die tafel. (1)
7.8. Twee (glase/koppies) lê op die tafel. (1)
7.9. Daar is 'n yskas in die (kombuis/sitkamer). (1)

[9]

TOTALE PUNTE- 80

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS R PANDAY

Graad 11 Vraestel 1 Memo Junie Eksamens

Vraag 1

1.1. 21 jaar oud / een en twintig jaar oud ✓ (1)

1.2. 'n Amerikaanse maatskappy ✓ (1)

1.3. Vir hulle lojale ondersteuning en harde werk ✓ (1)

1.4. 2002 / Toe hy klein was. ✓ (1)

1.5. Die hele Suid-Afrika se oë was op hom - veral die landse kinders ✓ (1)

1.6. miljoen uit die sak / uit die sak gejaag ✓ (1)

1.7. Universiteit van Kaapstad ✓ (1)

1.8. Thawte Consulting ✓ (1)

1.9. Sy moed ✓ en deursettingsvermoë ✓ (2)

1.10. Dit het Afrika weer op die wêreldkaart geplaas / Die res van die wêreld het weer van SA gehoor. ✓ (Enige een) (1)

1.11.1. Waar, sy was goed in akademie, sport en kultuur. (1)

1.12. Figuurlik, dit verwys na alt wat hy gemaak is - nie bo materiaal nie. (1)

[14]

Vraag 2

2.1.1. manipuleer ✓ (1)

2.1.2. uitroepteken ✓ (1)

2.2.1. B / Dit laat die leser voel daar word met hom/haar gepraat. ✓ (1)

2.3. Mening - Almal hou nie van kampeer nie / nie almal gaan na ATKV vakansie oorde gaan nie / die adverteerder wil die AKTV vakansie-oorde bemark / dit is sy opinie dat mense by die ✓ AKTV se vakansie gaan. (enige een) (1)

2.4. Sep/tem/ber ✓ (1)

2.5. beste ✓ (1)

2.6. B / Kerkmuis. ✓ (1)

2.7. verskillende lettertipe ✓ (1)

Die foto van mense wat kampeer. ✓ (2)

2.8. Mense wat gaaskoop vakansie wil hou / Mense wat van kampeer hou / Mense met kinders / Mense wat van ATKV-oorde hou (enige 1) ✓ (1)

[10]

Vraag 3

3.1.1. dieselfde ✓ (1)

3.2. 43,0 % ✓ (1)

3.3. na graad 10 ✓ (1)

3.4. Potlode hou verband met skool / Potlode is 'n sinoniem met leer / stel die skool / leer voor. (enige 1) ✓ (1)

3.5. stel na skoolse opleiding voor / impliseer tersiere opleiding / verdere kwalifikasies na skool. (enige 1) ✓ (1)

3.6. B / moontlike loopbane om na matriek (1) (6)

[30]

Vraag 4 – Opsomming

1. Jy moet 'n mooi en interessante agtergrond kies. ✓

2. Maak seker dat jy jou selfie in goeie lig neem. ✓

3. Dra die regte klere vir die geleentheid. ✓

4. Jy moet 'n spesiale geleentheid met jou vriende deel. ✓

5. Spog iets nuuts om by jou vriende ✓

6. Jy moet nie situasies namaak wat nie bestaan nie. ✓

7. Gebruik die VSCO cam om jou selfie te redigeer. ✓

[58 woorde]

[7 + 3] [10 Punte]

Vraag 5

5.1. C ✓ (1)

5.2. Kwaad wat haar oë is groot en haar mond is oop - Sy raas. ✓ (1)

5.3. moeder en seun ✓ (1)

5.4. Beklemtoon sy raas / die tyd ✓ (1)

5.5. Hy is te lui / negatiewe houding teenoor sy skoolwerk. ✓ (1)

5.6. Hy is nie bereid nie / Hy sê hy het tot die 3de en hy het tot middernag / Hy stel nie belang in sy skoolwerk nie. ✓ (1)

5.7. Sy sleep hom / Sy dwing hom om die werk klaar te kry. (1)

5.8. Moeg met hom / siek en sat met sy houding / het te veel gehad ✓ (1)

5.9. Hy sal die projek klaarmaak / sal sy werk doen. ✓ (1)

5.10. kwart voor elf. (1)

5.11. besig met die selfoon ✓ (1)

5.12. Sy dink ✓

Die dinkborrels sê vir jou dat sy dink ✓ (2)

[13]

Vraag 6

6.1. Die paartjie het na hulle gunstelinge restaurant gegaan om aandete te eet. ✓ (1)

6.2. Tiena sal haar mooiste rok kan dra. ✓ (1)

6.3. Tiena ken die kelnerin ✓ (1)

6.4. Die heerlikste kos sal deur haar in die restaurant geëet word. ✓ (1)

6.5. Hulle eet die nagereg daarna gaan hulle fliek toe om die rolprent te kyk. ✓ (1)

6.6. Clark sê vir Tiena: "Ek is lief vir jou." ✓ (1)

6.7. vier ✓ (1)

6.8. Tiena het vanaand die pragtigste rok gedra. ✓ (1)

6.9. glo ✓ (1)

6.10. Hy behoort die duurste ring vir haar te koop. ✓ (1)

6.11. sesuur

6.12. juwele ✓

6.13. Clark het gister 'n pragtige ring vir haar gekoop om sy liefde te verklaar. ✓ (1)

6.14. op ✓

6.15. Tiena se dat sy die beste wyn wil proë. ✓ (1)

6.16. Die vrou het nog nie haar kos geëet nie ✓ (1)

6.17. vier en twintig ✓ (1)

6.18. opwindende ✓ (1)

[18]

Vraag 7

7.1. elektrisiteit ✓

7.2. op ✓

7.3. handdoek ✓

7.4. verwormer ✓

7.5. afgeskakel ✓

7.6. beker ✓

7.7. vrugte ✓

7.8. glase ✓

7.9. kombuis ✓

[9]